

HOËRSKOOL BURGERSDORP HIGH SCHOOL



Jaarverslag van die Hoof en Beheerliggaam vir 2026

1. Inleiding

“**Slegs My Beste**” – ’n eenvoudige leuse, maar een met ’n diep betekenis. Dit herinner ons daaraan dat ware sukses nie net in prestasie gemeet word nie, maar in die bereidwilligheid om elke dag ons beste te gee.

This annual report provides an overview of the key events and achievements throughout the year. It is also an opportunity to look back with gratitude on what has been accomplished and to look ahead with renewed courage.

2. Personeel

Met groot dankbaarheid en opgewondenheid deel ons graag personeelnuus met ons BHS-familie. Na Mev. Bredenkamp ’n bevorderingspos in Welkom aanvaar het, is **Mnr. Gernus Maritz** aangestel as ons nuwe **skoolhoof**. Ons wens hom baie geluk met hierdie nuwe verantwoordelikheid en sien daarna uit om saam met hom aan BHS voort te bou.

Ons is ook baie bly om te noem dat **mnr. Gerrie Vorster** reeds in Mei by ons aangesluit het as **Geografie-onderwyser**. Ons verwelkom hom hartlik by die BHS-personeel en vertrou dat hy sommer vinnig tuis gevoel het tussen ons.

’n **Spesiale woord van dank aan al ons onderwysers en personeel** vir julle harde werk, toewyding en die besondere rol wat elkeen van julle daagliks speel. Julle passie, geduld en

bereidwilligheid om altyd die ekstra myl vir ons leerders te stap, word opreg waardeer. BHS se sukses is moontlik omdat ons as 'n span saamwerk.

3. Inskrywings

Die skool het tans 'n totale leerdergetal van **300 leerders**. Inskrywings vir die nuwe skooljaar is belangrik om te verseker dat die skool se kapasiteit, klasse en personeel voldoende beplan kan word. Die skool sien uit daarna om nuwe leerders te verwelkom en bestaande leerders verder te ondersteun in hul akademiese ontwikkeling.

4. Exam results

Last year we achieved a 100% pass rate in gr.12. The pass rate for grade 8 – 11 was as follows:

Grade 8	-	95%
Grade 9	-	97%
Grade 10	-	96%
Grade 11	-	94%

The 2026 academic year has once again demonstrated the dedication of the BHS staff to the academic development of our learners. Through additional classes, focused examination preparation, reading initiatives and ongoing academic monitoring, the school has continued to provide opportunities for learners to improve and achieve their potential. BHS has implemented various initiatives to strengthen learner performance throughout the year. Afternoon classes have been offered to provide learners with additional academic time, opportunities to address challenging concepts and access to teachers for individual assistance. These sessions have been particularly important in preparing Grade 12 learners for their final examinations.

A Grade 12 Revision Camp also took place on 14 and 15 August, providing focused revision time and an opportunity for learners to consolidate their knowledge ahead of the trial

examinations. A dedicated study space was made available to Grade 12 learners to encourage a structured and focused approach to their studies.

The academic performance of learners in Grades 8 and 9 remains an area requiring particular attention. The promotion requirements in these grades are demanding, making it essential for learners to establish sound study habits and a strong academic foundation from the beginning of the year.

Learners are expected to attend school regularly, complete all required tasks and assessments and prepare consistently for tests and examinations. Gaps in foundational knowledge, irregular attendance and insufficient preparation can significantly affect academic progress.

The compulsory Reading Rocket programme for Grades 8 and 9 has continued to encourage regular reading and strengthen learners' reading habits.

Reading proficiency contributes to improved comprehension, vocabulary development and the ability to interpret questions across the curriculum.

By investing in these foundational skills, the school aims to equip learners with tools that will benefit them in all subjects and throughout their academic careers.

Parents are encouraged to monitor homework and assessment preparation, ensure regular school attendance, maintain communication with teachers and reinforce the importance of discipline, respect and personal responsibility.

Our motto, “Slegs my beste”, remains a guiding principle in this pursuit. Every learner should be encouraged to give their best, not only during examinations, but throughout the academic year.

5. Boodskap van Skoolhoof

Dankbetuiging

Eerstens wil ek die beheerliggaam hartlik bedank vir die vertroue wat hulle in my as die nuwe skoolhoof gestel het om BHS te lei.

Die beheerliggaam is tans:

Mev Amanda Hoffman	(Voorsitter)
Mnr Andries de Bruin	(Onder-Voorsitter)
Mnr Gernus Maritz	(Skoolhoof)
Mev Linelle Sauer	(Sekretaresse)
Mev Mimi Ferreira	(Personeel)
Mev Magdelie Henning	(Personeel)
Mnr Christo Botha	(Tesourier)
Mnr Wiehan Janse van Rensburg	(Borge en Bemarking)
Mnr Johannes Kruger	(Voertuie)
Mnr Herman van Heerden	(Geboue & terrein; Koshuise)
Mnr Andrew Bradfield	(Borge en Bemarking)

Dit was 'n baie besige jaar, met 'n besonder uitdagende akademiese, sport- en kulturele program. Dankie aan elke leerder en ouer wat help om Hoërskool Burgersdorp na nuwe hoogtes te neem.

In besonder wil ek elke onderwyser bedank vir julle harde werk. Ons het 'n ongelooflike span wat baie lekker saamwerk en dit is 'n voorreg om saam met julle te werk.

This year, three important appointments were made that greatly strengthen our management team:

- Mr Jaco Beket as Head of Discipline
- Ms Magdelie Henning as Academic Head
- Ms Henriëtte Koen as Human Resources Manager

Our school grounds currently look beautiful all the school's corridors and floors have been painted.

Hoogtepunte van die jaar

Akademie – Ek wil graag al die leerders wat vanjaar erekleure ontvang het, hartlik gelukwens. Ons sien baie uit na die matrikulante se finale eksamen en hoop om ons 100%-slaagsyfer te behou.

Sport – By die jaarlikse interskole het ons twee en 'n half trofee terug huis toe gebring, naamlik rugby, hokkie en netball. Baie geluk aan elke speler en afrigter.

Kultuur – Ons leerders het uitstekend presteer by die eisteddfod, met vele leerders wat ook kategorie en of pryswenner was. Ons is ook baie trots op Mnombo Mfanekiso wie se Afrikaanse prosa-skryfstuk in vanjaar se POORT opgeneem is!

Projects and the year ahead

We are currently building a new gymnasium and this will be a valuable addition to our facilities.

The Head of Department (HOD) post is still vacant as we are still waiting for the final instruction from the Department of Education to begin interviews.

Ons kantoorpersoneel

Die kantoordames bly steeds die hoeksteen van ons skool. Hulle harde werk agter die skerms gaan nie ongesiens verby nie – baie dankie vir alles wat julle elke dag doen.

Gernus Maritz

Hoof, Hoërskool Burgersdorp

6. Boodskap van Voorsitter van die Beheerliggaam

It is an absolute honour to stand before you tonight at our Annual Prizegiving Ceremony, to celebrate another remarkable chapter in our school's history. Tonight, we gather not just to hand out awards, but to reflect on a journey of dedication, resilience, and outstanding achievement.

Dit was vir my 'n voorreg om in 2026 deel te wees van BHS se Beheerliggaam. Dankie aan die res van die Beheerliggaam vir julle opofferinge en bydrae om hierdie besige en uitdagende, maar tog belowende jaar te kan afsluit met die wete dat daar vooruitgang was by ons skool en dat ons alles in ons vermoë gedoen het om die skool te help bestuur met eerlikheid en integriteit.

As the Governing Body, our mission is to ensure that this school remains a safe and nurturing environment where every single student has the opportunity to thrive.

Living and learning in our small town brings its own unique set of challenges. We do not always have the biggest budgets, the newest facilities or the flashiest resources. But what we do have

cannot be bought with money: we have courage, we have heart, and we have a community that stands united.

Dit is 'n groot uitdaging wat ons met toewyding aanpak om leerders, personeel en ouers by te staan om die beeld van die skool positief uit te dra deur selftrots en die uitlewing van Christelike waardes, sodat elke kind tot sy/haar beste kan ontwikkel en met respek vir sy/haar medemens toegrus word om die hoërskool en die volwasse lewe met selfvertroue, verantwoordelikheid en waardigheid aan te pak.

Financial assistance from the Department of Education remains a major challenge each year. Thank you to every parent who faithfully pays the school fees — we truly appreciate it. In doing so, you help us to support your child's development in various areas.

Many thanks to our donors and sponsors who open their hearts to our school — your contribution is sincerely appreciated, and your support enables us to stay within the limits of our budget and to provide more and better opportunities to our learners.

Ek bedank ook graag vir Klub 50 en die OOV vir hulle opofferinge, bydraes en ondersteuning deur die afgelope jaar.

Dit was vir ons as Beheerliggaam 'n voorreg om hierdie jaar saam met die laerskool en hul beheerliggaam te werk en voort te bou aan die goeie verhouding wat reeds tussen ons twee skole bestaan. Ons sien onself immers as een skool, een terrein en een gemeenskap wat saam bou aan 'n beter toekoms vir beide skole en leerlinge. Dankie aan mev Elsie Oosthuizen en haar span wat saam met ons hierdie visie uiteleef.

We can proudly say that we are a school that moves forward, and our school grounds and buildings reflect this. Sincere thanks to everyone involved.

Aan ons toegewyde nuwe skoolhoof mnr. Gernus Maritz en die onderwyspersoneel: julle is die ruggraat van hierdie skool. Julle is nie net opvoeders nie; julle is raadgewers, mentors en 'n dryfkrag in ons leerders se lewens. Julle verrig daagliks wondere met die hulpbronne waaroor ons beskik. Ons sien elkeen raak wat sy passie en liefde vir die skool en die kinders uitleef asook elke ekstra myl wat julle bereid is om te loop. Hiervoor is ons opreg dankbaar.

Spesiale dank aan ons twee kantoordames, Linelle en Linda — julle is die hartklop van ons skool.

Ons sê ook dank aan ons Hemelse Vader vir die oorfloed van seëninge en guns wat Hy die afgelope jaar oor ons skool uitgestort het. Jesus is ons anker en ons gebed is dat Hy ons in Sy hande sal vashou, ons sal lei om in Sy LIG te wandel, en dat alles wat ons doen tot eer van Sy Naam sal wees.

Amanda Hoffman
BEHEERLIGGAAMVOORSITTER

7. Finansies

Dit gaan goed met die finansies van die skool en koshuise. Deur verantwoordelike finansiële bestuur en streng beheer volgens die goedgekeurde begroting word daar voortdurend daarna gestreef om die beskikbare fondse tot voordeel van ons leerders en die skoolgemeenskap aan te wend.

Ons wil graag ons opregte dank betuig aan al die ouers wat hulle skool- en koshuisgelde getrou betaal, asook aan al ons borge, donateurs en ondersteuners vir hulle waardevolle bydraes en ondersteuning gedurende die jaar. Hierdie ondersteuning maak dit vir die skool moontlik om noodsaaklike instandhouding en verbeterings aan te bring.

Parents who do not meet their financial obligations are, on a regular basis and in accordance with the school's policy and applicable procedures, handed over to the school's attorneys.

However, we also recognise that financial challenges are a reality for some families and that all applications for school fee exemptions or reductions are handled in accordance with the prescribed procedures.

We appeal to all parents to fulfil their financial responsibilities towards the school. Quality education and the maintenance of a safe, neat and well-equipped school environment require a financial contribution from all of us.

Ons sien met vertroue uit na 2027 en sal voortgaan om die skool se finansies verantwoordelik te bestuur sodat die beskikbare fondse optimaal aangewend kan word tot voordeel van elke leerder en die toekoms van Hoërskool Burgersdorp.

8. Geboue, Terrein en Voertuie

Gedurende 2026 is daar onder andere aandag gegee aan die instandhouding en verfraaiing van die skoolgebou. Die gange, vloere en deure van die skool is oorgeverf, wat 'n groot verbetering aan die algemene voorkoms en omgewing van die skool teweeggebring het. Ons beplan om hierdie instandhoudingsprogram in 2027 voort te sit met die verf van die skool se dakke as een van ons belangrike doelwitte.

Opwinding heers by die koshuis waar 'n nuwe buitelug-gimnasium tans op die terrein opgerig word. Die projek is daarop gemik om leerders aan te moedig om aktief te wees en 'n gesonde leefstyl te handhaaf.

Volgens die projekspan sal die groot gimnasium op die skoolterrein 'n waardevolle toevoeging wees. Dit sal nie net fisieke oefening bevorder nie, maar ook samewerking, dissipline en spanbou onder leerders aanmoedig.

Hoewel bouwerk nog aan die gang is, sien leerders reeds daarna uit om van die nuwe fasiliteit gebruik te maak. Die projek is 'n positiewe stap in die rigting van 'n gesonder en meer aktiewe skoolgemeenskap.

9. Verenigings en Bedrywighede

9.1 CSV

2026 se CSV is gefokus op Praise and Worship-sessies op Woensdagoggende tydens registerperiode asook elke 2de Woensdagaand waar kringleiers die geleentheid het om leerders geestelik te lei.

Ons bedank mnr Xavier, Juf. Carol en die kringleiers wat 2026 se CSV so suksesvol gemaak het.

9.2 Landsdiens

2026 was 'n besonderse besige jaar vir Burgersdorp Landsdiens. Ons het die jaar afgeskop met ons jaarlikse klubkamp vir Gr8-leerders. Die provinsiale kamp was in Somerset-Oos te Skietfontein aangebied, 6 van ons leerders die kamp bygewoon, waartydens 3 gekies is om ons by

die Nasionale Kamp in Desember te verteenwoordig. (Johan J.v Rensburg, Elsomi vd Merwe en Tian Hoffman). Ons sluit die jaar af met 'n klubkamp te Breakaway trails, naby Aliwal Noord.

10 aktiwiteite het deur die jaar plaasgevind en die Landsdiens se vier liefdes is deur verskeie aktiwiteite uitgebeeld.

Die Landsdiensbestuur was vanjaar 'n uitmuntende span. Baie dankie aan die bestuur van 2026 vir hulle harde werk en hulp deur die jaar.

Tian Hoffman het 'n Springbok-toekenning ontvang. Baie geluk met dié prestasie.

9.3 Landboukursusse

In 2026 het daar weer landboukursusse plaasgevind - een op Steyn Steenkamp se plaas oor die Dohne-Stoet, een by Alwyn Marx oor Tuli-beesboerdery en bulstoetsing. Anica de Vries het ook vir ons 'n Arbeidsregkursus aangebied.

Ons is baie trots om te sê dat Hoërskool Burgersdorp van volgende jaar deel sal vorm van organiseerde Landbou en aan 'n jong boerevereniging, wat onder die Burgersdorp Boerevereniging sal val. Daarmee saam was ons ook hierdie jaar vir die heel eerste keer uitgenooi na die Agri Oos-Kaap konferensie in Jeffreysbaai. Dankie ook aan AWRO (Chris Viljoen) wat ons gehelp het met die kostes om dit vir Henricho Rossouw en Christiaan Haumann moontlik te maak, dit was 'n ongelooflike ervaring! Hulle het ook 'n voorlegging gemaak oor ons skool se landbou- afdeling en ons is baie trots op hulle.

9.4 ATKV

Oorslaapaand

Die ATKV Jeugtak-Blikkies van Hoërskool Burgersdorp het op 10 Februarie 2026 'n oorslaapaand in die skoolsaal aangebied. Die aand het leerders die geleentheid gebied om mekaar beter te leer ken, vriendskappe te versterk en hul betrokkenheid by die ATKV te verdiep.

Die aand het afgeskop met 'n staptog op die skoolterrein, gevolg deur 'n gespreksessie waarin leerders idees gedeel het en oor die waarde van die ATKV se taal-, kultuur- en gemeenskapsbetrokkenheid gesels het. 'n Heerlike braai het vir verdere samesyn gesorg. Weens die weersomstandighede is die tente binne-in die skoolsaal opgeslaan, wat 'n unieke kampeerervaring geskep het. Die aand is gekenmerk deur baie lag, stories en gesellige samesyn.

Die oorslaapaand was 'n sukses en het bygedra tot spanbou, samehorigheid en 'n sterker gevoel van verbondenheid onder die leerders.

Sopkombuis

Op 20 Julie 2026 het die ATKV Jeugtak-Blikkies van Hoërskool Burgersdorp 'n gemeenskaps-uitreikaksie in Eureka, Mzamomhle en Thembisa aangepak. Die leerders het met groot entoesiasme sop en brood voorberei en aan kinders en volwassenes in die gemeenskappe uitgedeel.

Die projek was 'n besondere geleentheid om deernis, mededeelsaamheid en 'n gees van diensbaarheid onder die leerders te bevorder. Die dankbaarheid en glimlagte van die ontvangers het die waarde van hierdie eenvoudige, maar betekenisvolle gebaar beklemtoon.

'n Opregte dankie aan die leerders vir hul harde werk en bereidwilligheid om 'n verskil te maak, asook aan Hoërskool Burgersdorp vir die ondersteuning met vervoer.

Deur hierdie aktiwiteite het die ATKV Jeugtak-Blikkies hul toewyding aan vriendskap, kultuur, spanwerk en gemeenskapsdiens gedurende 2026 uitgeleef.

9.5 Eisteddfod

Aliwal Eisteddfod

An Eisteddfod is a celebration of music, dance, art, performances and writing which is precisely what Eistedd@Alies offers to participants.

73 Blikkies het vanjaar aan die Aliwal Eisteddfod deelgeneem en uitstekend presteer:

DRAMA (Afrikaans en Engels)

5brons

9silwer

3goud

11dubbelgoud

8trippelgoud

MUSIEK (klavier, kitaar, sang)

1dubbelgoud

KUNS (digitaal, skilder, teken, skryfkuns)

6brons

7silwer

4goud

6dubbelgoud

12trippelgoud

Burgersdorp High School delivered exceptional performances which resulted in category winners and trophy winners:

Category winners:

1. Lana Maritz: gr. 10-wenner: 2D-kuns
2. Jody Duke: gr. 8-wenner: 2D-kuns
3. Johan Jansen van Rensburg gr.7-9-wenner: Digitale kuns

Trophy winners:

1. Danrea de Bruin: Informal Poetry
2. Indibabale Stafa: Dramatized Prose
3. Papama Mehlomakulu: Gedramatiseerde poësie
4. Zeke van Zyl: Solo Singing
5. Lana Maritz: 2D-kuns
6. Johan Janse van Rensburg: Digitale kuns

9.6 Skryfkuns

Die jaarlikse POORT-skryfkompetisie wat deur die SA Akademie vir Wetenskap en Kuns aangebied word, stel baie hoë standaarde en daarom bly dit 'n uitsonderlike prestasie om onder die Top 10 Prosa/Top 10 Poësie/Meriete gereken te word.

Ons is baie trots op Mnombo Mfanekiso wie se Afrikaanse prosa-skryfstuk in vanjaar se POORT opgeneem is!

Dit is ook die eerste keer dat n afdeling vir Afrikaans Addisionele Taalleerders geskep is. Sedert 2010 het 24 leerders die Top 10 Prosa of Poësie behaal/op meriete gepubliseer en is 4 leerders al na die gesogte slypskool genooi. Voorwaar prestasies om op trots te wees!

9.7 Skryfklub

Die skryfklub se missie is om 'n niche te skep waar leerders in 'n ontspanne, informele omgewing aangemoedig word om hul skryftalent te slyp en nuwe skryfvaardighede aan te leer. Leerders kan in Afrikaans en/of Engels skryf en kon verskillende genres beproef, soos bv. gedigte en rillers.

Ons voorsitster, Danrea de Bruin, het haar goed van haar taak gekwyt en gesorg dat skryfklub-aande glad verloop. Verskeie lede het ook vanjaar van hul skryfwerk vir die Aliwal-Noord Eisteddfod ingeskryf.

10. Sport

10.1 Athletics

The new school year started with a bang as we trained for the Colour Athletics Meeting.

On 23 January the day started off with a lot of energy and tension between the Green and Yellow teams, both competing for the trophy. Plenty of records were set and at the end of the day, it was the Yellow team who took the win. All in all, it was a day of tough competition and great sportsmanship.

23 learners were chosen to represent the Joe Gqabi team and 5 of our learners participated in the Eastern Cape Championship. After the Eastern Cape Championship, Omphile Mokhati (Grade 9) and Xhamla Matyobeni (Grade 11) were selected to represent the province at the South African School Athletics Tournament.

Thank you to all the coaches who coached our athletes through a long athletics season and everyone who was involved in any which way.

10.2 Netbal

2026 was die jaar waarin die meeste wedstryde ooit gespeel is! Ons het saam met die rugby teen die Bloem-liga skole gespeel en dit het ons definitief genoop om ons spel te verbeter. Daar was vanjaar 8 netbal spanne. Ons het 16 wedstryde gespeel, vanjaar het die 1ste span die beker huis toe gebring en die eindstryd teen Aliwal gelykop gespeel. Ons het ook twee oefenkampe vir ons 1stes en 0/16A's aangebied.

Die 0/16A en 0/19A-spanne het vanjaar na Bloemfontein getoer waar hulle afrigting ontvang het deur Carla Pretorius en deelgeneem het aan die Fochartdpark-toernooi. BHS se spanne het glad nie sleg gevaar nie en die leerders het dit baie geniet.

2 van ons leerders het die Oos-Kaap verteenwoordig tydens die Junie vakansie. Leandre van Heerden en Imange Gabhuza. Baie geluk aan hulle!

11 leerders het ons distrik by die Oos-Kaap proewe verteenwoordig.

Vir die eerste keer het ons hierdie jaar ook een van ons leerders, Corne Morgan verwelkom as 'n skeidsregter. Hy is ook gekies om by die Nasionale toernooi te gaan blaas, waar hy sy C+ gradering gekry het. Ons is baie trots op hom! Dit was 'n baie lekker jaar en die meisies het baie geleer.

10.3 Rugby

Burgersdorp Rugby kyk met trots en dankbaarheid terug op 'n jaar van groei, ontwikkeling en besondere prestasies. Ons strewe bly om elke speler se potensiaal te ontwikkel en deur rugby waardes soos dissipline, deursettingsvermoë, respek en spanwerk te bevorder.

Vanjaar was ons derde jaar in die Bloemfontein A-liga. Deelname aan hierdie liga bied aan ons leerders die geleentheid om teen sterk skole mee te ding en hul spel na 'n hoër vlak te neem. Hierdie blootstelling ontwikkel nie net hul rugbyvaardighede nie, maar bou ook karakter en leer hulle om uitdagings met moed en vasberadenheid aan te pak.

Daar word tans aan die ontwikkeling van 'n hoëprestasiesentrum (High Performance Centre) gewerk. Hierdie inisiatief vorm 'n belangrike deel van ons toekomsvisie en sal ons spelers se voorbereiding en ontwikkeling ondersteun. Ons wil hiermee 'n stewige grondslag lê om meer spelers die geleentheid te bied om hul volle potensiaal te bereik en uiteindelik vir provinsiale spanne gekies te word.

Ons oorhoofse visie is om 'n algehele wenpersentasie van minstens 65% te handhaaf en voortdurend daarop voort te bou. Deur doelgerigte voorbereiding en volgehoue spelersontwikkeling streef ons daarna om die standaard van Burgersdorp Rugby jaarliks te verhoog.

Tydens interskole het ons spanne 'n uitstekende wenpersentasie van 80% behaal. Ons o.16-span het ongelukkig met 'n naelskraapse nederlaag die onderspit gedelf. Ons is trots op al ons spelers se toewyding en die veggees waarmee hulle Burgersdorp verteenwoordig het.

Ons maak spesiale melding van Paul Buitendag met sy insluiting in die Arende Vrystaat-span, asook sy keuring vir 'n uitnodigingspan vir 'n toer na Italië. Hierdie besondere prestasies is 'n groot eer en ons is baie trots op hom. Ons wens hom alle sterkte toe met die geleenthede wat voorlê.

'n Opregte woord van dank gaan aan al ons ondersteuners: julle aanmoediging langs die veld motiveer ons leerders, bou hul selfvertroue en dra by tot die trots waarmee hulle die BHS-rugbytrui dra.

Ons bedank ook ons borge en ouers vir die ondersteuning wat ons deur die jaar ontvang het, van die o.14-span tot die eerste span. Julle bydraes, tyd en betrokkenheid maak ons spelers se deelname en ontwikkeling moontlik. Met hierdie ondersteuning sien ons met vertroue uit na die verdere groei en sukses van Burgersdorp Rugby.

10.4 Tennis

BHS-tennis het definitief vanjaar van krag tot krag gegaaan met die nuwe bloed wat ons spanne weer vol gemaak het vir 2026.

Vir 'n vierde opeenvolgende jaar bied ons 'n tennistoernooi aan met Van Niekerk/Koen as hoofborger. Dit was n voorreg om skole soos Cradock, Jim Fouché, Union, Volksskool en De Aar hier te ontvang.

Skooltoernooie staan geensins terug wat kwaliteit betref nie en tydens dié toernooi vind daar ook verskeie mededingende wedstryde plaas. Buiten die Van Niekerk/Koen-toernooi, vind wedstryde teen GHS en Hangklip in die eerste en tweede kwartaal plaas. Ons eerste span spog vanjaar met nuwe tennistasse en ons bedank graag die borg: Albert Express.

Kiana Fourie en Errol King kwalifiseer vir halwe erekleure nadat hulle deelgeneem het in die Synergy Cup – EC Aloes span. Hulle het ook vanjaar aan die EC Synergy Cup Inter Provincial Tennis Toernooi deelgeneem en het baie goed gevaar. Ons is ook baie trots op 5 van ons spelers wat vanjaar deurgedring het tot die Country District proewe, naamlik: CJ Nagel, Kiana Fourie, Errol King, Jesse Eatwell en Elzané Nel. Dit sal tydens die vierde kwartaal plaasvind,

Gedurende die vierde kwartaal hou ons ook weer ons jaarlikse Blikkiedon -tennistoernooi. Die toernooi is baie pret en vir baie spelers 'n leersame dag. Die hoogtepunt van 2026 was definitief ons tradisionele interskole-wedstryde teen Aliwal wat op 12 Oktober plaasgevind het.

10.5 Krieket

Hoërskool Burgersdorp het gedurende die 2025/2026-seisoen baie potensiaal gewys wat krieket aanbetref. BHS het drie wedstryde gespeel in die eerste kwartaal en ons het ook deelgeneem aan Burgersdorp se aandliga-kriekettoernooi. Die manne het besonders goed gedoen en nie een van hulle wedstryde verloor nie!

Ons is baie positief oor die leerders se spel en gesindheid, sowel as die manier hoe hulle ons skool se naam hoog gehou het. Die beste senior kolwer vir 2026 is Jaanru du Preez wat die seisoen met 352 lopies geëindig het met 'n gemiddeld van 25 lopies per wedstryd. Die beste senior bouler vir die jaar is CJ Nagel wat die seisoen eindig met 14 paaltjies onder sy belt met 'n gemiddeld van 25.2.

Ons groet en bedank al ons matriekleerders wat jare lank die skool se naam hoog gegou het. Ons sien baie uit om verder met die jong groep seuns wat oorbly te werk, hulle vaardighede verder te ontwikkel sowel as om 'n verskil in een en elke leerder se lewe te maak.

10.6 Hokkie

Die hokkie, van die 3de- tot die 1ste span het 'n baie goeie seisoen gehad!

Die beginner- / 3de span bestaan jaarliks uit 'n kombinasie van ware beginners en leerders wat reeds voorheen hokkie gespeel het. Alhoewel hierdie span nie baie wedstryde gespeel het nie, het hulle getrou geoefen en het baie van hulle wedstryde gewen.

Die 2de span het ook baie goed gevaar en die meeste van hulle wedstryde gewen. Dit is baie belangrik om hierdie leerders se vaardighede te ontwikkel aangesien spelers uit hierdie span die graad 12's moet vervang wat die 1ste span verlaat.

Die 1ste hokkiespan het 'n baie besige eerste kwartaal gehad en het die seisoen begin in Somerset-Oos waar hulle deelgeneem het aan Gill se sportdag. Daar het vanjaar ongelukkig nie 'n toer plaasgevind gedurende die Maartvakansie nie.

Die span het baie goed gevaar reg deur die seisoen en al was daar moeilike en maklike tye, was die hoogtepunt definitief toe hulle as weners uit die stryd getree het tydens Interskole en die trofee weereens huis toe gebring het, die 3de jaar in 'n ry!

Vanjaar was 6 spelers gekies om die skool te verteenwoordig in die Border Inlandspan, wat tydens die Julie-vakansie aan 'n toernooi in die Paarl deelgeneem het. Die 0/18-spelers is Zenique Gelandt, Katherine Brits en Onalerona Ntsere. Die 0/16-spelers is Johanelle de Bruin en Neyanna Johnson en die 0/14-speler is Marichelle du Toit.

In die 3de kwartaal was daar ook 'n span na Jim Fouché se Hockey Fast 5-toernooi. Hulle was ingeskryf as 'n 0/19 span, maar meeste van die meisies was 0/14 – 0/16 en het algeheel 3de geëindig in hulle afdeling.

Baie dankie aan alle ouers en ondersteuners wat ons bygestaan het deur die seisoen. Dankie ook aan ons borge, GDL, Stockman en Lowenbrunnen wat ons gehelp het met kleredrag en ander toerusting.

Die derde kwartaal het 'n nuwe en opwindende hoofstuk in ons schoolsport ingelui met die bekendstelling van **seunshokkie** by die skool. Vir die eerste keer het ons seuns die geleentheid gekry om hierdie dinamiese sportsoort aan te pak, nuwe vaardighede aan te leer en as 'n span saam te groei. Laaste, maar nie die minste nie; baie dankie aan al die afrigters wat hulle tyd opgeoffer het om hierdie spelers te help om net hul beste te gee vir die sport waarvoor hulle so lief is.

10.7 Luggeweerskiet

Burgersdorp Skole Luggeweerskietklub bestaan uit drie skuts wat hierdie jaar met groot entoesiasme en toewyding aan verskeie kompetisies deelgeneem het en uitstekende prestasies behaal.

Die skuts het gedurende die jaar in **Bloemfontein aan vyf verskillende pryskiete** deelgeneem. Hulle het ook aan die **Posliga** deelgeneem, waar skuts van regoor die land hul skietkaarte instuur. Een van die groot hoogtepunte van die jaar was **Abi Mostert** se besondere prestasie toe sy **1ste plek uit 101 skuts** behaal het!

Abi Mostert en **Corstiaan van Zyl (BLS)** is genooi om aan die **semifinaal vir die Vrystaatspan** deel te neem. Albei skuts is daarna gekies vir die **0/14-Vrystaatspan** en het die span tydens die **SA-kampioenskappe** gedurende die September-vakansie verteenwoordig.

By die SA-kampioenskappe het Corstiaan 'n indrukwekkende **28ste plek** behaal. Abi het 'n uitstekende telling van **1380 uit 1600** aangeteken, wat haar 'n **7de plek** besorg het. Sy het daarmee 'n **silwermedalje** in spanverband huis toe gebring en BHS met groot trots verteenwoordig!

Baie geluk aan Abi en Corstiaan met hierdie besondere prestasies. Julle harde werk, dissipline en deursettingsvermoë is 'n inspirasie. Ons is baie trots op julle!

11. Algemeen

11.1 Mnr en Mej BHS

Vanjaar se Mnr. & Mej. BHS was 'n ware glansgeleentheid met die tema “Mamma Mia – Here We Go Again!”. Die hele aand is rondom die musiek en energie van ABBA gebou. Die atmosfeer was van die begin af een van opgewondenheid en pret, met die tema wat deurgaans sterk na vore gekom het met pienk bougainvillea wat as 'n prominente deel van die dekor gebruik is en die leerders wat verskeie dansitems op bekende ABBA-liedjies aangebied het.

'n Rekordgetal kaartjies is verkoop, wat weereens bevestig het dat Mnr. & Mej. BHS 'n hoogtepunt op die BHS-kalender is. Vanjaar se wenner is, Henri van der Walt as Mnr. BHS met Tania de Wet aan sy sy as Mej. BHS.

Die geleentheid is onder leiding van Mev. M. Henning aangebied, met Mev. P. King en Mev. C. Arlow-De Bruin wat waardevolle hulp verleen het om van die aand 'n groot sukses te maak.

11.2 Matriekafskeid

Die matriekafskeid van 2026 was 'n betowerende aand met die tema “**Arabian Nights**”. Die aand het die Graad 12-leerders na 'n wêreld van Oosterse elegansie en betowering geneem.

Die aand het met 'n glansryke rooitapyt-aankoms afgeskop, waar trotse ouers, familie en ondersteuners die matrikulante met groot entoesiasme verwelkom het.

Na hul aankoms is die Graad 12's met 'n spesiale bederf in die klubhuis ontvang voordat hulle na **Rooipoort Venue** vertrek het, waar die res van die aand voortgesit is.

Met heerlike kos, pragtige dekor, musiek en goeie geselskap het die leerders die geleentheid ten volle geniet en herinneringe geskep wat hulle nog lank sal koester.

Die aand is onder leiding van Mev. M. Henning aangebied en die **Klas van 2026** het hul skoolloopbaan op 'n besondere wyse gevier – met styl, vreugde en 'n bietjie *Arabian Nights*-magie – voordat hulle die volgende hoofstuk van hul lewens aanpak.

11.3 Klub 50

Geagte ondersteuners, lede en vriende van Klub 50,

2026 was vir Klub 50 'n jaar van uitdagings, maar ook 'n jaar wat weereens gewys het wat moontlik is wanneer 'n gemeenskap saamstaan.

Een van die grootste uitdagings waarmee ons steeds te doen het, is die onsekerheid rondom die Klubhuis en die dranklisensie. Daar is ongelukkig nog geen lig aan die einde van die tunnel wat hierdie saak betref nie. Die afwesigheid van die Klubhuis maak dit besonder moeilik om fondse te genereer en plaas ekstra druk op ons vermoë om die werk van Klub 50 voort te sit.

Maar, soos ons ons Burgersdorp ken, het Die Dorp en sy mense weereens sterk na vore getree!

Die jaar se Ghong-skietdag was 'n besondere sukses en het gewys wat bereik kan word wanneer mense bereid is om hande te vat en saam te werk. Dit was nie net 'n suksesvolle fondsinsamelingsgeleentheid nie, maar ook 'n dag waarop die gemeenskap bymekaargekom en gewys het dat ons steeds vir mekaar omgee. Die plan is dat hierdie geleentheid voortaan 'n jaarlikse instelling sal wees.

Een van die hoogtepunte van 2026 was egter om te sien hoeveel van ons kinders op provinsiale vlak presteer het. Dit is iets waarop ons as gemeenskap ongelooflik trots kan wees. Klub 50 het, soos altyd, probeer om 'n helpende hand te bied waar ons kon, want ons glo dat ondersteuning aan ons kinders en jongmense 'n belegging in die toekoms van ons dorp is.

Ons is ook dankbaar vir die ledegeld wat goed betaal was. Elke bydrae, groot of klein, maak 'n verskil en stel Klub 50 in staat om voort te gaan met die ondersteuning van ons skole, kinders en gemeenskap.

Ons wil daarom vandag 'n spesiale beroep doen op elke ondersteuner: Stap saam met Klub 50 hierdie pad. Moenie moed opgee nie. Ons weet dat die pad nie altyd maklik is nie. Daar is tye wanneer dit voel asof ons hard werk sonder om dadelik die vrugte daarvan te sien. Maar ons moet onthou dat daar 'n groter doel is. Ons doen dit nie net vir vandag nie. Ons doen dit vir ons kinders, vir ons skole en vir die toekoms van ons dorp.

Ek vertrou, en glo met my hele hart, dat daar nog groot dinge vir ons dorp en ons skole voorlê. Ons moet net aanhou om saam te staan, aan te hou glo en aan te hou om 'n verskil te maak waar ons kan.

Aan elke persoon wat gedurende 2026 'n bydrae gelewer het, deur geld, tyd, ondersteuning, organisering of bloot deur daar te wees: baie dankie!

Klub 50 is groter as enige een persoon. Dit is 'n gemeenskap wat besluit het om iets beter vir ons kinders en ons dorp te probeer bou.

Kom ons stap die pad saam.

Kom ons hou aan glo.

Die beste lê nog voor.

Baie dankie vir elkeen se ondersteuning!

11.4 VRL

Die VRL het in Januarie n leierskamp bygewoon om span te bou, jaarbeplanning te doen en mekaar beter te leer ken.

Regdeur die jaar is talle projekte aangepak. Met Valenyyndag het n sokkie plaasgevind en in kwartaal 2 was daar n bal. Die visie vir die jaar was om die dissipline te verbeter en n goeie gees in die skool te skep. Ons het dit gedoen deur n hokkie -aand te hou wat n reuse sukses was.

Om terug te gee aan ons borge, het ons veilings bygewoon om BHS te verteenwoordig.

11.5 Noodhulp

BHS se noodhulpwerkers was vanjaar weereens besig.

*nuweling het met teoretiese opleiding begin

* 2026 was'n bedrywige en leersame jaar wat mediese situasies aanbetref en die leerlinge het baie geleer en ontwikkel

Ons bedank ook graag drs. Cilliers en Oosthuizen asook GARDMED Ambulansdiens vir hul hulp en bystand.

BHS is steeds een van die min skole in die Oos-Kaap wat met so 'n groep toegewyde vrywilligers o.l.v Henri van der Walt (gr.12) en mev. Henriette Koen kan spog!

Henri beoog om volgende jaar sy opleiding as paramedikus te begin en Burton Sandt neem by hom oor as noodhulpkaptein vir 2027.

11.6 Klerebank

Die skool se klerebank streef daarna om te alle tye voldoende voorraad beskikbaar te hê om in die behoeftes van ons leerlinge te voorsien. Die klerebank is oop op Maandae van 08:00 tot 09:00 en op Vrydae van 12:00 tot 13:15.

Daar word 'n gesonde en verantwoordelike balans tussen voorraadvlakke en verkope gehandhaaf, ten einde die volhoubare funksionering van die klerebank te verseker.

Ons spreek graag ons opregte waardering uit teenoor mev. Johanna van Niekerk, wat die bestuur en instandhouding van die klerebank met groot toewyding en verantwoordelikheid behartig.

12. Koshuis

Ons koshuis se getalle het vanjaar toegeneem en ons bly die hart en siel van die twee skole se bestaan.

Behalwe vir onderhoud is daar vanjaar 'n paar projekte aangepak by die koshuise: elektriese veiligheidshekke is by beide koshuise aangebring, vloere by die seunskoshuis is oorgedoen en die koshuis is binne geverf. Mev. Elsie Oosthuizen het ook kom help om die tuine op te knap. Mnr. Bok de Bruin en mev. Carol de Bruin, is as koshuisouers by die seunskoshuis aangestel.

Ander diensdoende personeel wat by die koshuise ingetrek het, is mev. Carla le Roux, mej. Aleonor van Rijswijk en mnr. Gerrie Vorster. Juffrou Karli Ferreira verlaat die koshuis aan die einde van die jaar om in die huwelik te tree.